Tema: Wat is Christus vir jou werd? Gee alles prys sodat Hy Eerste in jou lewe kan wees.

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens Sb 5-4: 1, 5, 6 en Lied 197: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 14-4: 1, 4
Seën
Lofsang: Sb 5-3: 1, 4, 5
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Matteus 13: 44-46
Sing Lied 464: 3, 4
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Sb 3-4: 1, 5
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Sing Sb 18-7: 1, 7, 8, 9, 10
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Met die koninkryk van die hemele gaan dit soos met ʼn skat wat in die saailand onder die grond lê! Of soos ʼn baie, baie kosbare pêrel! Die koninkryk van God is ontsaglik baie werd! Die waarde daarvan kan eintlik nie in materiële terme gemeet word nie!

Wat is die koninkryk van God? Dit is seker die mees omvattende term om God se werk te beskryf! Die koninkryk van God gaan om God se regering van ewigheid tot ewigheid! Dat God Koning is en dat Hy oor die heelal regeer met volle mag en seggenskap! Die koninkryk van God gaan oor God se skeppende en herskeppende werk! Dat God die aarde geskape het en daaroor regeer en dat Hy ʼn nuwe aarde gaan skep! Dit gaan oor God se reddende genade aan die mens – dat Hy die verlore mens kom red in en deur Jesus Christus se lewe, sterwe, opstanding en hemelvaart. Dit koninkryk gaan oor Christus as ons Verlosser maar ook oor Hom as ons Koning wat nou oor ons lewe regeer! Die koninkryk van God word sigbaar waar mense aan God gehoorsaam lewe en sy liefde laat skitter in die wêreld!

En brs en srs, ons word net burgers van hierdie koninkryk deur geloof in Jesus Christus. Verlede naweek met Paasfees het ons so intens beleef wat die lyding, die sterwe en die opstanding van Christus was en wat dit vir ons beteken! En nou vergelyk ons teksverse al hierdie dinge met die kosbaarste skat wat ʼn mens kan vind!

Kom ons maak dit ʼn bietjie meer persoonlik! Kom ons vra: wat is Christus vir jou werd? Kom ons sê ʼn bietjie vir mekaar! Wie wil begin deur te sê wat Christus of dan die koninkryk van God vir jou beteken..... (Bespreek gemeente se reaksie)

Bv – dat ek gered is van die dood
Hier heers liefde in plaas van haat
Hier sorg en versorg God ons
Hier beleef ons oorwinning oor onsself, die sonde en die wêreld
Hier is vreugde en nie net smart en pyn nie
Hier is die heerlike vrug van die Gees teenwoordig
In God se ryk is sekerheid en vastigheid – nie twyfel nie
God se ryk is ʼn ryk van hoop
God se ryk is ewig – ek het reeds die ewige lewe ontvang en gaan dit na die dood geniet!

En geliefdes, die wonderlike is...ons het dit net gevind! Die boer in die gelykenis het nie daarna gesoek nie! Hy was maar net besig om te ploeg en toe “vind” hy dit! **So is dit met geloof : God skenk dit aan wie Hy wil en so het Hy dit ook aan elkeen van ons geskenk! Ons kan ook sê: en toe ek weer sien, het ek dit gevind!** Ek glo en ek is deel van God se koninkryk! Dit is die genadewerk van God

wat Hy in ons doen! Hy maak ons deur Jesus burgers van sy ryk! Ons het die skat gevind! **En die boer besef: hierdie is die groot skat wat ek ooit kon kry!**
Die pêrelhandelaar het maar gedoen wat hy gewoonlik doen! Hy dryf handel met pêrels , maar die volgende oomblik besef hy: nou het ek die kosbaarste pêrel gevind wat ŉ mens ook kan hê!

Besef ek en jy dan ook die volle waarde van die koninkryk van God waarvan ons deel geword het? Leef ons ook daagliks met die besef van die onskatbare waarde wat God vir ons gegee het – sonder verdienste, net genade!

Hoe wys ŉ mens dat Christus vir jou die grootste Skat is wat jy nog gevind het? Jy stel Hom doelbewus as die belangrikste in jou lewe! Dit is wat die gelykenisse wil leer met die feit dat beide die boer en die handelaar alles gaan verkoop wat hulle het sodat hulle die skat kan verkry!

Of anders gestel: jy sal alles wat jy andersins as belangrik in jou lewe beskou, nou as minder belangrik stel omdat jy Christus se waarde in jou lewe regtig besef!

Wat stel ons gewoonlik as belangrike dinge in ons lewe – soms belangriker as ons geloof en as ons verhouding met Christus? Wat kan groter word as God in my lewe?
Noem bietjie.....
Mense – my vrou of kinders, ‘n ongesonde menslike verhouding kan Jesus onttroon.
My werk.....Materiële besittings.....Sportroem of prestasies!
Drome en ideale wat ek as mens wil verwesentlik!
Ook vrese en bekommernisse kan vir my meer werd wees as Jesus as ek toelaat dit my gevange hou!
Of sonde....duistere begeertes wat ek koester, ongeloof, kleingeloof, twyfel....dit kan groot as Jesus word!
Siekte en ander beproewinge kan God in my lewe verdwerg!

Brs en srs, onthou net: niks mag inherent met van hierdie dinge verkeerd wees nie – dit mag ook belangrike dinge in ons lewe wees **– MAAR NOOIT BELANGRIKER AS CHRISTUS NIE. Nooit belangriker as gehoorsaamheid aan God nie! Nooit belangriker as my liefde vir God en my liefde vir my naaste nie! Nooit belangriker as om op God te vertrou nie! Dit mag nooit belangriker wees as die doelwitte van God se verbond en van sy ryk nie!**
As dit so is, dan moet ek bereid wees om dit op te offer! Om dit prys te gee as die belangrikste in my lewe! Dit is wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het jy kan nie God en Mammon dien nie! Daar kan net een Koning in jou hart wees! En dit is Jesus.

Die probleem met die meeste van ons is: God is vir ons net ‘n bietjie! Nie alles nie! **Miskien voel jy nou: ai, hoekom moet ons altyd ook prysgee!** Dit is nooit lekker om te hoor dat ek iets moet prysgee nie! Dat ek iets moet opoffer vir God nie! Toe die ryk jongman by Jesus gekom het om te hoor wat hy moet doen om die koninkryk van God te beërwe en hy hoor dat hy sy geld en besittings minder belangrik moet ag as sy verhouding met Jesus, staan daar” hy het bedruk geword” en weggegaan. Hoekom bedruk geword? Want dit was vir hom te swaar! Hy was te lief vir die dinge wat hy as die belangrikste in sy lewe beskou het en hy kon nie daarvan afstand doen as die belangrikste nie! Dit was nie lekker om iets minder belangrik as Christus te stel nie!

Watter “emosie” leef in die boer van ons teks se hart toe hy die skat vind? Het julle dit raakgesien?..... Wat staan daar? “hy was in sy skik”! Hy was verskriklik gelukkig! Want sien, wanneer die waarde van Christus en die lewe in die ryk van God vir jou regtig die grootste skat word en is, dan is dit ’n vreugde om “alles te gaan verkoop” sodat jy die skat in die saailand kan verkry!

Hoe meer ek fokus op die wonder van God se ryk en dat ek in Christus daarvan deel mag wees, hoe waardevoller word die skat vir my en hoe minder belangrik word die dinge vir my wat ek eers as waardevol geag het! Nou kan ek dit met gemak minder stel in my lewe! Ek dit selfs as sinloos beskou want, om saam met Paulus te sê in Fil. 3: 8” om Jesus Christus, my Here te ken, oortref ALLES in waarde”!

Geliefde brs en srs en kinders, wat is Christus vir jou werd?
As jy sukkel om ’n antwoord hierop te gee, gaan verdiep jou eerstens weer in die onbegryplike, heerlike en ryke genade van God aan jou as sondaarmens! Bid dan saam met Paulus in Efes. 3: “Mag ek in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. [19]Mag ek sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag ek heeltemal vervul word met die volheid van God.

Tweedens: As daar mense of dinge of emosies of vrese of gedagtes is wat jou gevange hou sodat jy Christus nie eerste kan stel nie, vra jouself dan af: is hierdie mens, of ding of gedagte of vrees regtig groter as Christus? Kan dit vir my meer gee of doen as Jesus? Kan ek regtig meer daarop vertrou as op God? Laat dit in jou kop en in hart kleiner word as die skat in die saailand, Jesus Christus jou Here. Fokus op die beloftes God en laat die vrese van die wêreld vir jou kleiner word!

En derdens, br. en sr: Glo ons Here Jesus as Hy ook vir jou belowe soos Hy vir sy dissipels belowe terwyl hulle kyk hoe die ryk jongman wegloop: “Dit verseker Ek julle: Wanneer alles nuut gemaak word, as die Seun van die mens op sy koninklike troon sit, sal ook julle wat My gevolg het, op twaalf trone sit en oor die

twaalf stamme van Israel regeer. [29]En elkeen wat ter wille van my Naam afgesien het van huise of broers of susters of vader of moeder of kinders of grond, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe as erfenis kry. [30]“Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste.”.

Mag dit uit jou lewe duidelik word dat Christus vir die kosbaarste skat in jou lewe is.

Amen

Antwoord met ‘n lied: Sbv 3 – 4: 1 en 5 en mag dit die opregte belydenis van elkeen van ons wees.